**Die verbond met Dawid**

**2 Sam 7:1-17**

**20 Oktober 2024**

1. Vantevore: Simboliek van die verbondsark se intog in Jerusalem: Gelowiges wat in Jesus skuil, gaan saam met die Priesterkoning in die nuwe Jerusalem in, waar hulle lofoffers bring en aan die bruilofsmaal van die Lam aansit. Vandaar regeer Jesus vir ewig. Niemand wat Hom verag, kom daar in nie.
2. Dawid se voorneme (2 Sam 7:1-3)
    a. Dawid woon in vrede in sy paleis in Jerusalem
    b. Dawid wil vir die Here 'n huis van sederhout (tempel) bou
    c. Deut 12:9-11 – voorskrif vir sentrale plek van aanbidding in beloofde land
3. Die Here bevraagteken Dawid se voorneme (2 Sam 7:4-7)
    a. Al is Dawid koning, is hy steeds dienskneg van die Here
    b. Die Here vra: "Gaan jý vir My 'n huis bou?"
        - Die Here het nog altyd in 'n tent, tabernakel, gewoon
    c. Die Here bevraagteken veral die "huis van sederhout" – vs eenvoudige tabernakel
4. Die Here verfris Dawid se geheue (2 Sam 7:8-11a)
    a. Die Here het Dawid geroep en suksesvol gemaak
    b. Dawid se groot naam en dat hulle in die beloofde land woon – gevolg van beloftes in Abraham / Sinaiverbond – groot prentjie (vgl Gen 12:2, 13:14-15, Eks 3:8)
5. Die Here sluit die verbond met Dawid (2 Sam 7:11b-16)
    a. Die Here sal vir Dawid 'n huis bou – d.i. 'n koningshuis/dinastie
    b. Na Dawid se dood, sal nakomeling koningskap oorneem
    c. "nakomeling" = "saad" – kan ekv of mv wees (vgl Gen 3:15, Gen 12:7, 17:7)
    d. Nakomeling mag tempel bou
    e. Nakomeling se troon vir altyd in stand – dus opeenvolgende nakomelinge
    f. Here sal nakomeling se Vader wees, nakomeling sal Here se seun wees – vgl Gen 17:7, Eks 6:6, 19:5)
    g. Die Here verwag gehoorsaamheid (vgl Gen 17:9, Eks 19:5) – onthou vraagstuk 2 (sondegeneigdheid)
    h. Die Here beloof voortdurende troue liefde
    i. Hoekom bou Salomo die tempel? Dawid = man van oorlog, Salomo = man van vrede (1 Kron 22:8-9) – (vgl Ef 2:20-22): Jesus stry teen duiwel vs Heilige Gees bou tempel
6. Die betekenis van die verbond met Dawid
    a. 2 Sam 7 is 'n verbondsluiting (2 Sam 23:5; Ps 89:4-5)
    b. Essensie: Die Here beloof aan Dawid 'n ewige koningshuis waarvan Sy troue liefde nooit sal wyk nie
    c. Groot verlossingsprentjie geskets deur verbonde:
        - Na sondeval: Belofte van Een uit nageslag van vrou, 3 vraagstukke
        - Noag: Oordeel uitgestel, verlossing van sommiges tydens oordeel
        - Abraham: Baie gaan verlos word, verwag 'n perfekte woonplek, verlossing deur geloof
        - Sinaiverbond: Sondeskuld aangespreek deur Hoëpriester se offer
        - Dawidverbond: Duiwel vernietig deur die stryd/heerskappy van die Koning
        - Sinai + Dawidverbond: so word gelowiges 'n koninkryk van priesters
        - Sondegeneigdheid (vraagstuk 2) nog nie aangespreek nie...